Skrifgedeelte: Lukas 6:20-42 en 46-49

Teksverse: Lukas 6:46-49

Tema: Gehoorsaamheid aan die moeilike opdragte van Christus bring sekerheid!

Soms, wanneer daar `n vloed deur `n gebied gaan, gebeur dit dat sommige huise heeltemal plat gevee word, terwyl ander huise bly staan. Ja, dalk is daardie huis se ruite uit en van die dakteëls is weg, maar die huis staan nog. En meeste van die kere het die huise wat weg gespoel het en die huise wat oorgebly het heeltemal dieselfde gelyk. Hulle het dieselfde boustyl en dieselfde afwerking gehad, maar sommiges is weg gespoel en die ander het bly staan.

En die rede daarvoor is eenvoudig: die fondamente! Die huise wat weg gespoel het se fondamente was nie stewig nie of het nie genoeg tyd gehad om behoorlik droog te word voor daar op hulle gebou is nie. Die huise wat bly staan het, het goeie fondamente. Die fondamente is diep uit gegrawe en hulle het behoorlik droog geword voor daar op hulle gebou is. En hierdie fondamente het veroorsaak dat hierdie huise die vloed deurstaan het.

Dit is die voorbeeld wat Christus gebruik om die verskil te verduidelik tussen `n gelowige wat gehoorsaam is aan die moeilike opdragte wat die Here gee en die gelowige wat nie gehoorsaam is aan die moeilike opdragte wat die Here gee nie. Beide is gelowiges, beide noem vir Jesus Christus Here, beide is kinders van God en beide is kosbaar vir die Here. Die verskil lê in hulle gehoorsaamheid en hierdie gehoorsaamheid word duidelik wanneer die golwe en vloede van die lewe teen ons slaan.

In Lukas 6:20-42 het Christus baie moeilike opdragte gegee: "Julle moet julle vyande liefhê; doen goed aan die mense deur wie julle gehaat word; seën die mense deur wie julle vervloek word; bid vir die mense deur wie julle sleg behandel word..." Dit is maar net `n paar van hierdie baie moeilike opdragte wat die Here vir ons gee in hierdie gedeelte. En Hy het geweet dat die dissipels wat hierna geluister het en ons wat vandag hierna luister, sal sê "Ja, Here, hierdie opdragte is mooi en goed", maar dat bitter min van ons hierdie opdragte sal uitvoer.

Daar is bitter min van ons wat vandag werklik iemand sal seën as hulle ons vloek. En daar is bitter min van ons wat vandag sal bid vir die mense deur wie ons sleg behandel word. Vra maar jouself net af: hoeveel van ons bid vir ons president en die regering van die land wat allerhande diskriminerende wetgewings teen ons maak? Watter een van ons sal vir Julius Malema, wat al op soveel maniere gesê het dat hy wit mense haat, iets goed doen? Tog is dit deel van hierdie opdragte wat Jesus Christus vir ons in die gedeelte gee.

Die vraag is egter, hoekom sal ons of wil ons gehoorsaam wees aan hierdie opdragte? En, hoekom gee gehoorsaamheid aan die moeilike opdragte van Jesus vir ons sekerheid?

Wanneer ons vra hoekom ons gehoorsaam wil wees aan hierdie opdragte, wil ons uit gewoonte antwoord "omdat ons dankbaar is." Dankbaarheid is egter `n baie slegte motiveerder as dit kom by gehoorsaamheid. Ja, ons bely dat ons uit dankbaarheid gehoorsaam moet wees aan die Here, maar in hierdie gedeelte alleen is daar drie redes vir hoekom ons gehoorsaam moet wees. En hierdie drie redes is baie sterker motiveerders vir gehoorsaamheid as wat dankbaarheid is.

Hierdie redes is (1) omdat ek Jesus Christus "Here" noem, (2) omdat ek `n kind van die Almagtige is, en (3) omdat ek kosbaar vir die Here is.

Christus sê in vers 46 dat daar nie sin in is om Hom aan te spreek as "Here, Here", maar ons doen nie wat Hy sê nie. Die rede hoekom Christus dit sê, is omdat met die Naam "Here" noem ons Hom in werklikheid "Baas" of "Eienaar". Ons sê dat ons aan Hom behoort en dat ons gehoorsaam sal wees aan wat Hy vir ons vra. Daarom dat Paulus in Kolossense vir die slawe sê dat Christus die Here is in Wie se diens hulle staan.

Om Jesus Christus Here te noem beteken dat ek sy hoofskap oor my lewe moet erken en juis daarom wil ek gehoorsaam wees aan dit wat Hy van my vra. Ek kan nie wil bely dat ek in lewe en in sterwe met liggaam en siel aan Jesus Christus behoort, maar ek doen nie wat Hy van my vra nie. Dan is hierdie `n leë belydenis wat nie veel beteken nie. Nee, as ek bely dat ek in lewe en in sterwe met liggaam en siel aan ons Here Jesus Christus behoort, dan wil en sal ek gehoorsaam wees, want só kan ek duidelik maak dat ek werklik aan Hom behoort.

Die tweede rede hoekom ek sal wil doen wat Jesus Christus van my vra, is omdat ek `n kind van die Almagtige is. Christus het dit eintlik al reeds in vers 36 gesê toe Hy ons beveel het om barmhartig te wees, soos ons Vader barmhartig is. Barmhartigheid is onverdiende liefde. Omdat God onverdiende liefde aan mense bewys, moet ons ook onverdiende liefde aan mense bewys. Dit is die implikasie daarvan as ons God ons Vader noem.

Soos `n kind dieselfde gene as sy pa en ma het, só moet ons dieselfde onverdiende liefde as God bewys. Wie ons in God is, moet ons motiveer om gehoorsaam te wees aan die moeilike opdragte van ons Here Jesus Christus.

Die derde rede hoor ons op 'n indirekte manier in die laaste vers waarna ons saam geluister het. Christus leer hier vir die mense dat wanneer die uitdagings en die vloede van die lewe kom en `n persoon was nie gehoorsaam nie, sal daardie huis, daardie persoon se lewe voor die Here, een groot puinhoop word. My broer en suster, hoor jy die emosie in die stem van die Here? Wanneer die storms van die lewe `n gelowige plat slaan, is dit vir die Here een groot puinhoop. Dit is `n tragedie vir die Here wanneer net een gelowige se verhouding met die Here uitmekaar geruk word weens die uitdagings van die lewe!

As ons weet dat die Here vir ons die beste wil hê en dat Hy dit aan ons wil gee deur hierdie moeilike opdragte, waarom sal ons dan nie wil gehoorsaam wees nie. Die feit dat jy vir Jesus Christus só kosbaar is, is `n onbeskryflike rede vir hoekom ons gehoorsaam sal wil wees aan die moeilike opdragte van die Here.

Maar hoekom is dit dan so dat hierdie moeilike opdragte vir ons sekerheid bring? Hoekom is dit dat wanneer ek gehoorsaam aan hierdie moeilike opdragte van die Here is, sal die vloede en storms van die lewe nie my lewe voor die Here vernietig nie?

In werklikheid is die antwoord hiervoor eenvoudig: dit is omdat ons, deur gehoorsaamheid aan hierdie moeilike opdragte, God ons Vader en ons Here Jesus Christus beter leer ken. Dit is wanneer ons aan hierdie moeilike opdragte gehoorsaam is, wat ons die troos van die Heilige Gees ervaar, wat ons die krag van God beleef en wat ons al hoe minder vir onsself en al hoe meer vir Jesus Christus leef.

Al die opdragte wat Jesus Christus aan ons gegee het vra van ons om onsself te verloën en om jouself te verloën beteken dat jy al hoe meer moet bid dat die Heilige Gees só in jou sal werk dat jy al hoe minder aan jouself sal dink en al hoe meer aan Jesus Christus en aan jou medemens. Deur hierdie moeilike opdragte gaan dit al hoe minder oor jou as mens en al hoe meer oor Jesus Christus as Here en Koning.

En wanneer die vloede van die lewe kom, wanneer die uitdagings kom, dan weet jy: "Jesus Christus is Here en ek behoort aan Hom." Dan lê jou sekerheid nie in dit wat jy doen nie, maar in die feit dat Jesus Christus Koning is, dat jy `n kind van die Almagtige is en dat jy ontsettend kosbaar is vir Hom. Dit is hoekom my **enigste** troos in lewe en in sterwe nie is dat ek aan myself behoort of gelewe het soos ek wou lewe of dat ek al my doelwitte bereik het nie.

Nee, my **enigste** troos in lewe en in sterwe is dat ek nie aan myself nie, maar met liggaam en siel in lewe en in sterwe aan my getroue Verlosser en Here Jesus Christus behoort. Dan kan die storms van die lewe slaan en die vloede kan kom, want ek en jy het deur ons gehoorsaamheid aan die moeilike opdragte van Jesus Christus Hom leer ken as Here en as Koning. Dan het ek die leiding en die troos van die Heilige Gees ervaar en die onverdiende liefde van God ons Vader beleef.

Dan het ek geloofsekerheid, want my geloof het oor gegaan tot dade. Wees daarom gehoorsaam aan die moeilike opdragte van ons Here Jesus Christus, want só sal jou geloofshuis bly staan wanneer die vloede kom, want jou fondament is reg.

Amen